

## Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-1:1, 2 (24:1, 2)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei. Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas, het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem, om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem; dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek, sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe in dooie harte wek.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm: Skrifberyming 12-2:1 (27:1)

- 1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou, Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou. Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer: Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.

## Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit; gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Skriflesing: 1 Johannes 5

Teks: 1 Johannes 5:1; Kategismus Sondag 12

**Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die Een lief wat uit Hom gebore is.**  
(1 Johannes 5:1 AFR1953)

*Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is.* Die woorde is baie swaar gelaai.

- Die naam *Jesus* beteken: *Jahwe verlos*. Die *Drie-Enige God verlos*.
- Dadelik ontstaan daar al die vraag: Maar hoe verlos die Here my? Die Bybel antwoord self: Deur sy Gesalfde. Deur Christus.

In die Ou Testament kry ons dikwels die Hebreeuse woord *Messias*, wat net so gebruik word in ons Afrikaanse Bybelvertaling.

- Die naam of woord *Messias* beteken *Gesalfde*.

- Dit is presies dieselfde woord wat in die Nuwe Testament vervang word met die Griekse woord *Christus*.
- Die Griekse woord *Christus* beteken ook *Gesalfde*.

Jesus die Christus beteken dus die *Drie-Enige God verlos deur sy Gesalfde*.

As ons 1 Johannes 5:1 teen hierdie agtergrond lees, kry dit vir ons 'n nuwe diepte.

- Dan staan daar eintlik: Elkeen wat die redding en verlossing van God deur sy Gesalfde verwag, is uit God gebore.
- Die luister van die Seun van God word hier as die Gesalfde van die HERE aan ons openbaar gemaak.
- Dit gaan hier oor die volle verlossingswerk van Christus. Maar nou val die klem hier nie op sy Seunskap nie, maar die klem val op sy werk as Gesalfde van die HERE.

In die salwing van Christus gaan dit om sy Middelaarsbediening.

- God beklee Hom hiermee met dié amp om ons met God te versoen.
- Die salwing het verder die betekenis dat die Middelaar wat ons met God moet versoen, nie net bekwaam moet wees vir sy werk nie, maar Hy moet ook deur God aangestel en erken wees.
- Daarom word Jesus deur die HERE gesalf vir sy werk.

Dit is waarom die Kategismus spesifiek vra: Waarom word Hy Christus, dit is Gesalfde, genoem?

- Vanselfsprekend kan ons antwoord hierop ook nie anders wees nie as dat dit is omdat Hy deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is.
- Jesus is deur God wettig aangestel. Ons lees dit in Handeling 2:36. Daar is Petrus besig met sy Pinkstertoespraak. En dan sê hy hierdie woorde:

**Laat die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.** (Handeling 2:36 AFR1953)

Dit is God wat Hom gesalf het as Profeet en Leraar. Maar Jesus se salwing was selfs nog meer as dit.

- Jesus is nie net deur God gesalf tot profeet nie.
- Ons lees in Hebreërs 5 ook nog dat hierdie salwing van Christus ingehou het dat Hy gesalf is tot God se enigste Hoëpriester.

**So het Christus Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is My Seun, vandag het Ek U gegeneer.** (Hebreërs 5:5 AFR1953)

Christus moes ook gesalf word omdat salwing in die tyd waarin Hy op die aarde was, die teken was dat so 'n persoon met uitermate heerlikheid beklee word.

- Christus kon Homself dus nie self nie, want niemand kan homself tot heerlikheid roep nie.
- Ook staan hierdie saak in helder woorde neergepen:

**En niemand neem die heerlikheid vir homself nie, maar Hy wat deur God geroep word.** (Hebreërs 5:4 AFR1953)

Hierdie salwing van Christus as die Godgestuurde Middelaar is nie iets wat die teologie uitgedink het nie.

- Dis 'n werklikheid wat gebeur het.
- Christus is van ewigheid af verordineer.
- Toe Hy die dag gebore is, kom die engele van die hemel af om te vertel dat die gesalfde hier is. Dis die woorde van Lukas 2:

**... ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap ... dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Verlosser wat Christus, die Here, is.**  
(Lukas 2:10, 11 AFR1953)

... wat Christus is ...

... wat die Gesalfde is!

Julle redding is in Christus die Gesalfde van die Here.

Net so sê die Samaritaanse vrou vir Jesus:

**Ek weet dat die Messias kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig.** (Johannes 4:25 AFR1953)

Wanneer Jesus die Gesalfde kom, sal Hy die volheid van sy salwing aan die mense leer.

Die krag van die onderrig van die Here Jesus kry ons al in Petrus se belydenis dat Hy die Christus is, die Seun van die lewende God.

- Op hierdie belydenis dat Christus die Gesalfde van die lewende God is, sê Jesus, sal Hy sy Kerk bou.
- So geweldig sterk gaan hierdie Kerk gebou word dat die poorte van die doderyk dit nie kan oorweldig nie – tot sulke magtige bouwerk in die koninkryk van God is Jesus Christus deur die Vader gesalf.

Die Here Jesus het nie sy salwing as Middelaar net aan sy dissipels geleer nie.

- Dit het uitgekóm in die Here Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou. Sy word ook deur Hom onderrig.
- Sy weet van die Messias. En dan sê Jesus vir haar: **Dis Ek wat met jou spreek!**

Die Seun van God onderrig ook ons mense op die straat oor sy salwing en die doel van salwing.

- Jesus het sy salwing so gepreek en dit uitgeleef dat Hy juis daarvoor ter dood veroordeel is – sodat Hy as die hoogste Profeet ons van ons sondige kortsigtigheid en onkunde kon verlos.
- Maar ook sodat Hy, as die Enigste Hoëpriester, ons van ons ongeregtheid kon vrymaak met 'n volmaakte offer voor God.
- Verder het Hy as Koning ons met sy salwing en Middelaarswerk verlos van die magteloosheid teen die satan. Die Here Jesus Christus regeer nou oor ons as ewige Koning.

Die dinge bring ons dan by die betekenis van die Naam: *Gesalfde*.

- Hierdie Naam is die krag wat die verborgenhede van God vir ons oopsluit.
- As gesalfde Profeet maak Hy ons geestesoë so sterk dat ons by die sondige gebrokenheid in die wêreld kan verby kyk en die glans van die strate van die Nuwe Jerusalem daaragter kan sien.
- Ons kortsigtigheid aan hierdie kant word so verruim dat ons die nuwe aarde kan sien, en die heerlikheid van God wat ons daar in die ewigheid gaan omstraal.

Hierdie gesalfde Profeet van God leer ons met sy Woord en Gees.

- Die kennis deur sy onderwysing is onvergelykbaar.
- Die moordenaar wat langs Hom aan die kruis gehang het, het in 'n oomblik meer van die verlossende genade van God geleer en begryp as die meeste teoloë van ons tyd in hulle hele lewe.

In die Naam van Christus, of Messias – Gesalfde, lê die losprys van ons lewe.

- Die salwing van die Here Jesus Christus bring ons óf buite óf binne God se verlossingswerk.
- Sommiges van ons word verlos deur Christus se kruisoffer terwyl ander se oordeel daarmee bevestig word.

Ons moet ook dieper kyk na Christus se salwing as God se ewige Hoëpriester.

- As Goddelik gesalfde Ampsdraer volbring Hy as Hoëpriester die laaste offer – die enigste werklike offer.
- Hierdie offer is die alleen volmaakte soenoffer voor God vir die skepsele wat in sonde die weg van die ewige donkerte ingeslaan het – dis hierdie offer wat weer van ons kinders maak, terwyl ons sondaars was.

Die offers van die Ou Testament moes altyd herhaal word, juis omdat hulle onvolmaak was, en omdat hulle ook maar net die simbool was van Christus se volmaakte offer wat sou kom.

- Daarom was daar geen diere teenwoordig in Christus se offer nie.
- Die Here Jesus Christus se eie bloed het in die grond ingedrup omdat hierdie gesalfde Hoëpriester self deur die vuur van God se toorn verteer moes word vir ons verlossing.
- In Christus se offer was daar nie meer simbole nie, want Hy was self die werklikheid wat die simbole vervul het.

Verder beteken *Gesalfde* natuurlik *gesalf tot Koning*. Jesaja beskryf dit pragtig in die Ou Testament (33:17):

**Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal 'n wydgestrekte land sien.**  
(Jesaja 33:17 AFR1953)

Die vergesig wat deur die gesalfde Profeet in ons geopen word, word hier geteken.

- Hierdie Koning van die ewigheid sal oor ons regeer in 'n land wat nie deur grense gebind word nie.
- In 'n wydgestrekte land sal die skoonheid van die ewige Koning rondom ons straal.

Johannes beskryf dit ook in Openbaring 21:23. Hy beskryf daar die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem en dan sê hy:

**En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.**

(Openbaring 21:23 AFR1953)

By die aanskoue van die mag van ons gesalfde Koning verval aardse mag.

- Die ryk van die gesalfde Koning is 'n ryk van mag en van genade.
- Dis 'n ryk waar die mag van die satan en die wêreld geen oomblik kan bestaan nie.

Die Here Jesus – die Gesalfde van die Here – gaan nie by ons verby nie, al is Hy so heerlik en magtig en ons so nietig en sondig.

- Daarom leer die Bybel dat elkeen wat glo dat Jesus die Gesalfde is, uit God gebore is.
- Ons deel in die salwing van God se genade.
- Ons word dan juis Christene genoem en dit beteken *gesalfdes*! Ons is in Christus gesalf tot profete, priesters en konings.
- Die Kategismus stel dit goed: Ons is lede van Christus en het daarom deel aan sy salwing.

Ons is dus gesalf met dieselfde Heilige Gees. Ons lees dit in 1 Johannes 2:20:

**En julle het die salwing van die Heilige Gees en weet alles.**

(1 Johannes 2:20 AFR1953)

En in 1 Korintiërs 1:21, 22:

**Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God, wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons hart gegee het.**

(1 Korintiërs 1:21, 22 AFR1953)

Daarom moet ons as **profete** leef.

- Ons moet die Naam van God se Gesalfde aan die wêreld leer.
- Ons moet dit altyddeur kragtig bely.
- Die Heilige Gees van God laat Petrus hierdie saak baie sterk stel:

**Julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.** (1 Petrus 2:9 AFR1953)

Ons is **konings** wat in die Naam van Christus regeer.

Ons is **profete** wat die Naam van Christus bely en leer.

Ons is **priesters** wat die wêreld en ons eie belange opoffer in diens aan die koninkryk van God.

Maar dan sien onself die skadukant. Hoe min straal ons van hierdie salwing uit? Wat maak ons anders as die heidene op die straat? In skaamte moet ons bely dat ons belydenis nie altyd lewe in ons nie!

- Ons is bang dat die wêreld ons sal verag as ons godsdiens praat. En daarom swyg ons soms die salwing van Christus dood.
- Daarmee het ons geestelike krag slap geword.

As dit die kenmerke van ons lewens is, is ons nie uit God gebore nie.

Wees dan wedergeborenes.

- Wees mense wat werklik glo in die salwing van Christus.
- Wees lewende dankoffers wat aan God toegewy word.
- Wees profete, konings en priesters wat in die lewe hierna saam met Christus in sy koninkryk gaan regeer.

Wees mense van wie die mense praat omdat hulle kan sien dat julle Jesus bely as die Gesalfde. Mense van wie die Bybel sê: Hulle is uit God gebore!

Kom ons lees saam wat Kategismus Sondag 12 van hierdie dinge leer:

**Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?**

**Antwoord:** Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbeding gedurig deur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).  
(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15.  
(d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28 Op 12:10, 11.

**Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?**

**Antwoord:** Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).  
(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19.  
(g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,  
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.  
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam

Datum: 25 Maart 2012